

23 September

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 9 en 10**

**Fokusgedeelte: 2 Kronieke 10**

**Pa of Ma se godsdien, maar ek het die Here nie self innig lief nie**

Salomo het graag na sy vader Dawid verwys. Voor mense het dit gewerk. Selfs die Here het ter wille van Dawid nie vir Salomo afgewys nie (2 Kron 6:42; 1 Kon 10:12).

Die Here het rede gehad om Salomo te verwerp, want Salomo het saam met sy heidense vrouens agter vreemde gode aangeloop. Hiervan lees ons nie in Kronieke nie, maar wel in Konings (1 Kon 11:1-8). En tog is dit opmerklik dat Kronieke die groot fout in Salomo se lewe op 'n indirekte manier uitwys.

Die groot ding wat Kronieke oor Salomo beskryf, is hoe hy dinge oordoen het en hoe slim en ryk hy was. Hy wou 'n gróót tempel bou (2:5). Hy offer by die inwyding van die tempel meer as 40 000 vee (6:5). Hy gee vir die koningin van Sakeba alles wat sy begeer (9:12). Verder lees ons: sy rykdom en weelde oortref al die konings van die aarde (9:22).

Dit was juis sy armoede, want dis al wat oor hom gesê kan word. Hy was die ryk kind van 'n pa – 'n pa wat die Here met 'n volkome hart liefgehad het. Self het hy die Here nie met soveel toewyding gedien nie (1 Kon 11:4).

Let op hoe hy onthou word deur sy onderdane en selfs deur sy eie seun, Rehabeam: as die man wat hard was op ander (2 Kron 10:4,9,10.11 & 14). Dis sy nagedagtenis. Só gaan dit met elkeen, ryk of arm, wat vir hom/haar skatte en roem vergader en nie ryk is by God nie (vgl Luk 12:21).

*Sing: Psalm 40:3*

*Prof PP Krüger (Teologiese Skool Potchefstroom)*